

Sondag, 13 September 2020
Fokusteks: Matteus 18:21-35

Daar word soms na hierdie gedeelte verwys as ‘n “baie moeilike teks.” Persoonlik dink ek nie dis die geval nie. Jesus praat baie duidelik en reguit oor die plig om te vergewe. Soos ons in Engels sal sê: *It is pretty much straightforward*. Wat wel baie moeilik is, is die praktiese uitvoering daarvan. Vergifnis kom nie so maklik by ons nie. Ons is geneig om telling te hou van hoeveel keer ons seergemaak is, en hoeveel keer ons bereid is om te vergewe. Ons mag moontlik met die jare begin vergeetagtig word, maar ons onthou nog goed wie ons in die verlede te nagekom het. Jesus leer ons deur hierdie teksgedeelte baie meer as net die vraag om te vergewe of nie. Dit laat ons iets van God se hart sien. As ons dit ook lees in die verband van die hele hfst.18, sal ons sien dat vergifnis deel van ware dissipelskap is. Dit is ‘n kenmerk van die koninkryk van God, en dit moet dus ook deel van die daaglikse dissipline van die dissipel se lewe wees. Vergifnis raak die lewe en verhoudinge van die hele gemeenskap.

Petrus se vraag aan Jesus, oor hoeveel keer ‘n mens bereid moet wees om iemand te vergewe, vloei uit dit wat Jesus in v.15 gesê het, naamlik dat jy eenkant met die persoon moet gaan praat wat verkeerd teenoor jou opgetree het. Hy wil egter weet wat die praktiese uitvoering daarvan is. Maar dit wys al klaar dat hy ‘n wanopvatting van God het. Hy dink vergifnis kan net gegee word tot ‘n sekere punt, ‘n getal. Jy hoor dit aan sy vraag. Let op hoe Petrus die vraag vra en besluit om dit sommer self te antwoord.

Maar ons moenie so vinnig oor Petrus oordeel nie. Die Rabbi’s het destyds geleer dat sonde nie meer as drie keer vergewe kan word nie. Selfs God sal nie meer as dit vergewe nie. Hoe het hulle daarby uitgekóm? Dit is so geïnterpreteer vanuit die profetiese geskrifte. Die boek, Amos, is ‘n goeie voorbeeld daarvan. In hoofstukke 1 & 2 word daar oordeelsuitsprake teen verskeie nasies aangekondig, insluitend Juda en Israel. Dit begin elke keer met dieselfde woorde, net die name van die nasies verskil (bv. Amos 1:3):

So sê die Here: Selfs as Damaskus net drie keer sonde gedoen het, sou Ek sy straf nie herroep het nie.

Maar nou het hy ‘n vierde sonde daarby gevoeg: (Sien ook Amos 1:6, 9, 11, 13 en 2:1, 4, 6)

Die sonde van die nasies is hier so erg dat God nie eens sy straf sal terughou selfs al sou hulle net drie keer gesondig het nie. Met ander woorde, daar is afgelei dat die Here normaalweg bereid is om ‘n sonde drie keer te vergewe. Maar in hierdie geval in Amos se tyd, is daar boonop nog ‘n vierde sonde deur die nasies gedoen, wat enige kans op vergifnis heeltemal uitskakel. Na die vierde keer word die persoon/nasie gestraf. Dis hoe die Jode dit verstaan het. Vergifnis word beperk tot drie keer en niks meer as dit nie. Jy kan tog nie meer genadig as God wil wees nie?

Petrus het waarskynlik gemeen dat hy bereid is om baie verder te gaan as net drie keer. Hy verdubbel die getal en sit nog een by om by sewe uit te kom - ‘n simboliese getal van volkomeheid. Om drie keer te vergewe is alreeds ‘n goeie ding, maar sewe keer is ‘n uitmuntende prestasie. Indien Petrus verwag het dat Jesus hom sal prys vir sy mooi vergewensgesindheid, sou hy verras gewees het deur Jesus se antwoord. Nie sewe keer nie, maar sewentig maal sewe! In Petrus se suggestie van sewe keer skuil daar steeds ‘n beperking, ‘n afsnypunt. Jesus se kostelike antwoord op Petrus se vraag is dat liefde en vergifnis nie met getalle bereken word nie. Jesus verwag onbegrensde vergifnis. Vergifnis hou nooit op nie. Daar behoort nie ‘n punt te wees waar dit stop nie. Ware versoening tussen partye word eers bereik wanneer daar vergifnis kom, en nie wanneer ‘n mens mekaar bloot net verdra nie. Vergifnis kan ook nie van harte en opreg wees solank daar nog ‘n wrok in die hart leef nie. Daar kan net plek wees vir een van die twee. Ware vergifnis vra dat jy jou wrokke moet laat staan en uit jou hart verwyder, selfs al was jy reg en die ander een verkeerd. Eers dan sal jy waarlik vry wees om te kan vergewe. Só moet die koninkryk van God funksioneer. Só moet

die gemeente met mekaar omgaan. Persoonlike wrokke word 'n swaar emosionele las op 'n mens. Dit neem jou lewensvreugde weg, want jy fokus gedurig op die leed wat jou aangedoen is.

Jesus gaan voort om 'n gelykenis te vertel wat die ware aard van God se oorvloedige en onbegrensde genade verduidelik. Ons lees van 'n amptenaar wat sy koning miljoene rand geskuld het. Daar was geen manier waarop hy dit ooit sou kon afbetaal nie, selfs al smee hy dat die koning hom tog net uitstel moet gee. Die skuld was eenvoudig te oorweldigend. Dan lees ons in v.27 dat die koning die amptenaar jammer gekry het. Die Griekse werkwoord wat hier gebruik word, beteken dat jou hart en ingewande in beroering (of beweging) kom. Die Jode het dit in hul taal gebruik om die sterkste moontlike gevoel van barmhartigheid uit te druk. Die hart is gesien as die setel van die mens se emosies en besluite.

So is God. Die Here verskoon en verdra nie maar net ons sondige gedrag nie. Hy wys wat ware vergifnis is deur soos die koning in die gelykenis op te tree. Let op, die amptenaar pleit om uitstel van betaling, maar die koning besluit om dit heeltemal af te skryf. Wat is besig om hier te gebeur? Daar word verlossing en vergifnis gegee ten spyte van die feit dat daar nog niks terugbetaal is nie. Daar word nie allerhande voorwaardes gestel nie. Dit is nie 'n kwessie van: Ek sal jou eers vergewe as jy jammer sê of aan my voorwaardes voldoen. Dan is my vergifnis nie opreg nie. Dan hou ek daardie persoon nog gevange. Jesus het nie 'n lys van voorwaardes gestel toe Hy gekruisig is nie. Intendeel, Hy het gebid: *Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!* (Luk.23:34). Hoe mooi is die woorde van Lied 190:2

In genade, groot en ryk,
 bou U, Heer, u koninkryk.
Voordat ek kon kies, kon vra,
 het u Seun my vloek gedra.
 Ek kon vind: U't my gekry
voor ek nog my skuld bely.

God is 'n God van genade. Hy het deernis met ons foute en mislukkings. Sy liefde en vergifnis is baie meer as wat ons ooit self sou verwag, net soos die koning se barmhartigheid in die verhaal. Is dit vir ons hoegenaamd moontlik om self sulke barmhartigheid te kan bewys? Hoe gaan ons dit regkry om soos God te kan vergewe?

Kyk weer na die verhaal wat Jesus vertel. Daar is 'n baie groot verskil tussen die skuld van die amptenaar aan die koning en die skuld van die medeamptenaar aan die een wie se groot skuld so pas afgeskryf is. Die een se skuld is so baie dat dit onmoontlik is om dit terug te betaal. Die ander een se skuld is maar 'n paar rand - 'n onbeduidende bedrag.

Die fout van die amptenaar was dat hy nie gesien het wat gebeur nie. Die koning het teenoor hom skuld afgeskryf wat hy in sy leeftyd nooit sou kon terugbetaal nie. Die "miljoene rand" waarvan hier gepraat word, is simbolies van ons almal se skuld voor God. Indien die amptenaar dit sou raaksien, naamlik die ontelbare genade van die koning, sou hy anders teenoor sy medeamptenaar optree. Maar al wat hy sien, is die ander een se foute.

Die punt wat ons moet snap is dat my persoonlike sondeskuld voor God baie meer is as die sonde wat iemand anders aan my kan doen. Daar is geen manier waarop ek self van my skuld verlos kan wees nie. Dit is te veel. Net God se genadige hart kan my red. As God dan bereid is om my oorweldigende skuld van harte te vergewe, moet ek bereid wees om my medemens ook van harte te vergewe. As dit vir my moeilik is om iemand te vergewe moet ek na God se hart kyk en sy barmhartigheid teenoor my raaksien. Ek moet daarop fokus en nie op my eie gevoelens en wrokke nie. Dan sal dit vir my moontlik word om met opregtheid te kan vergewe.

Onthou om weer na die hele hoofstuk 18 te kyk. Die belangrikste mense in die koninkryk is soos klein kinders. Mense wat nie op hul sosiale status staatmaak nie, maar in nederigheid en afhanklikheid leef. Mense wat nie neersien op ander nie, maar wat bereid is om alles te doen om in liefde op te tree en in liefde 'n saak uit te praat as daar konflik is. Koninkryksmense is bereid om te vergewe, omdat hulle ontdek het dat hulself deur God vergewe is.

GEBED

Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word;
laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel.
Gee ons vandag ons daaglikse brood;
en vergeef ons ons oortredings soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree;
en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose. (Mat.6:9-13)

Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.
Amen.